higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AANLEG EN TOERUSTING
NKR VLAK 2

(12030052)

10 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

516Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: INLEIDING TOT AANLEG EN MASJINERIE

1.1 Noem VIER gevolge daarvan dat bougereedskap en toerusting nie korrek gekies word nie. (3)

1.2 Noem TWEE ekonomiese voordele van die versorging en onderhoud van toerusting. (2)
[5]

VRAAG 2: WETGEWING EN VEILIGHEIDSMAATREËLS

2.1 Noem die VYF opskrifte wat in 'n ondersoekverslag gebruik word. (5)

2.2 Noem 10 persoonlike beskermingstoerusting items wat liggaamlike beserings sal voorkom. (10)
[15]

VRAAG 3: VERDUIDELIK EN GEBRUIK BASIESE NOODHULP

3.1 Verduidelik die korrekte manier om met plastiekhandskoene weg te doen. (3)

3.2 Noem VYF stappe om 'n persoon wat nie enige verdagte kop- of rugbeserings het nie, om te draai. (10)

3.3 Verduidelik die term *kardiopulmonêre resussitasie*. (2)
[15]

VRAAG 4: HANDGEREEDSKAP

4.1 Verduidelik hoe presisiegate in weekstaal geboor word. (5)

4.2 Noem TWEE maniere waarop die volgende gereedskap onderhou en versorg moet word.

4.2.1 Maattroffel

4.2.2 'n Industriële kruiwa

4.2.3 Pleisterplank ('hand hawk')

4.2.4 Straalinstrumente ('radius tools')

4.2.5 Pypskroef

(5 × 2) (10)

4.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.3.1 Laaghout kan nie as sluiters ('shutters') in bekisting gebruik word nie.

4.3.2 'n Veelhoekige staalplaat word uitgemerk, gesny en gemonteer om 'n eenvoudig sluiter te skep.

4.3.3 'n Eenvoudige oliesteenkas kan met 'n skaaf en 'n houtbeitel uit twee stukke plastiek gemaak word.

4.3.4 Stomp gereedskap is gevaarliker as skerp gereedskap.

4.3.5 'n Klipwerkskuurklip word as bewerkingsgereedskap ('tilling tool') beskou.

4.3.6 Hoëspoedboorpunte word met gewone skuurpapier skerpgemaak.

(6 × 1) (6)

4.4 Noem VIER algemene tipes koubeitels. (4)

4.5 Noem SES gevolge daarvan om met stomp gereedskap te werk. (5)

[30]

VRAAG 5: LERE

5.1 Verduidelik die gevolge daarvan om te ver te rek wanneer 'n mens 'n leer gebruik. (5)

5.2 Verduidelik hoe om lere behoorlik op te stel soos deur die SABS en die Wet op BGV bepaal word. (4)

5.3 Definieer die term *dwarsbalk*. (1)

[10]

VRAAG 6: BOKKE, STEIERWERK EN MOBIELE TORINGS

6.1 Verduidelik die toepassing van SANS 10085-1 wat die gebruik van pypwerk en toebehore bepaal wat as verspanning gebruik word vir gedeeltelike deurloopsteierwerk wat as mobiele toring gebruik word. (6)

6.2 Verduidelik die faktore wat by die installasie van 'n leer in 'n mobiele toring oorweeg moet word. (10)

6.3 Noem die VYF progressiewe stadia in die opleiding van 'n steierwerkinspekteur. (5)

6.4 Noem VIER riglyne waaraan voldoen moet word wanneer 'n toring verskuif word. (4)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou